# KOERSVAS

Jaargang 12 Uitgawe 241
22 Augustus 2025

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto

**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel:** Gebreekte telefoontjie
**Berigte:** Staat van Belydenis onder die loep
Bondsvergadering 2025
Kwilt 2025
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

### Gebreekte telefoontjie

Daar is ‘n kinderspeletjie wat selfs in volwasse geselskappe ‘n lekker-lag ysbreker is. Die spelers sit in ‘n ry; die eerste persoon fluister een sin, frase of term een maal in die persoon langsaan se oor. Daardie persoon fluister dit wat hy of sy gehoor het een maal aan die volgende persoon. Soos die boodskap deur die gefluister vorder, is dit soms verwarde, soms geskokte, of soms laggende gesigte wat in opbouende afwagting luister na die boodskap wat die laaste persoon in die ry hardop herhaal. Dit gebeur bitter min dat die sin ongedeerd aan die einde van die proses herhaal word.

Menslike kommunikasie is meer kompleks as hierdie eenvoudige speletjie wat die onintensionele verdraaïng van boodskappe illustreer. Dit is ons vooroordele, ons bereidheid om te luister of nie, ons emosionele toestand en vele ander faktore wat maak dat ons mekaar nie hoor nie. Soms word ‘n boodskap in alle erns geformuleer, net om presies die teenoorgestelde reaksie te ontlok as die beoogde. Sekere boodskappe moet herhaal word alvorens die hoorders eindelik luister. Die spel tussen hoor en luister is nie maklik om te voorspel of te bestuur nie.

‘n Verkeerde woord te midde van goed-bedoelde raad kan die hele appelkar omgooi. Iets in die verlede van die hoorder kan die volledige prosessering onmoontlik maak. Persoon A kan byvoorbeeld weens iets uit sy kinderdae groot aanstoot neem teen ‘n woord soos ‘kinderagtig’, terwyl persoon B die woord as neutraal ervaar. A kan (weens emosies) nie verder hoor as die woorde; “dit sal kinderagtig wees ...” nie. By die aanhoor van een woord gaan die hoorder se denke in sy “reptiel-brein” in en hy wil begin verdedig, beskerm en aanval, eerder as om na goeie raad te luister. Dit kan ook wees dat die persoon nie oor die woordeskat beskik om die argument te verstaan nie. Dit kan wees dat die persoon net ‘n simpatieke oor wou hê en nie advies nie, hoe deurdag ook al.

Ten spyte van die vele gevare tot misverstand in kommunikasie, kan ons tog getuig dat kommunikasie kan geluk. Sonder goeie kommunikasie, sal ons alleen in die wêreld worstel. Ons moet soms ‘n ander invalshoek aanwend, soms ander woorde gebruik, soms tyd laat verloop en soms iets net herhaal. Ons einddoel is om gehoor te word en om ander waarlik te kan hoor.

Die voortslepende meningsverskille tussen die NHKA en die GHG gaan oor meer as net koeitjies en kalfies. Daar is belangrike teologiese sake op die spel. Die nuwe pogings om die teologiese gesprek aan die gang te kry, moet daarom verwelkom word. Geduld en die gewilligheid om mekaar te hoor, moet aangevul word met 'n begeerte om te kan luister en om gehoor te word. Sekere dinge moet weer gesê word, ander moet anders geformuleer word, en sekere dinge moet net nooit weer gesê word nie. In die raamwerk van teologiese gesprekke is vyftien jaar nie lank nie, maar dit is nou lank genoeg om 'n vars benadering te regverdig. Die pogings om in gesprek 'n einde aan litigasie te maak, en die bereidwilligheid van beide partye, is eweneens te verwelkom.

Teen hierdie agtergrond is besluit om die Staat van Belydenis net weer bekend te stel. Waar kom dit vandaan, hoe is dit bedoel en wat is die gewenste uitkoms? In die artikel "Staat van Belydenis onder die loep" sal daar gepoog word om 'n instrument tot beter kommunikasie beskikbaar te stel.

## BERIGTE

### STAAT VAN BELYDENIS ONDER DIE LOEP

Met die aanvaarding van beskrywingspunt 54 in die Agenda van die 69e AKV (2010), het daar 'n diep verskil in die denke van die NHKA duidelik geword. Ds. Rudi Schoeman se aandrang om sy teenstem in die gees van Witfontein te laat notuleer, is dadelik aanduiding van hoe diep hierdie lyn gesny het. Die lang lys van afgevaardigdes wat hulle teenstem laat notuleer het, illustreer dat hy nie alleen was in sy sentiment nie. Die besluit se bewoording dat dit gaan oor 'n teologiese besluit, noop ons om die teenstand teen die besluit primêr as teologies te moet verstaan. Die inhoud van die besluit is deur 'n sekere teologie gedra. Die verskil van menings was ten diepste teologies van aard.

Die geskiedenis van die stryd teen besluit 54 (soos die besluit bekend geword het in die volksmond) tot en met einde 2011 moet nog ten volle gedokumenteer word. Diegene wat nie die besluit kon of wou aanvaar nie, het aanvanklik bekend gestaan as die Beswaardes. Nadat die sogenaamde BAKV (eintlik buitengewone sitting van die 69e AKV) besluit het om die besluit te handhaaf en met 'n volgende besluit aan te vul, het die Beswaardes byeen gekom en besluit om hulself te identifiseer as die steedsHervormers. Dit is hoe sekere lidmate hulle steeds noem. Die besluit om 'n Staat van Belydenis vir persoonlike oorweging bekend te stel op 4 Junie 2012, was in vele opsigte 'n logiese besluit.

Die felle reaksies het aangedui dat iets gehoor is. Uit die inhoude van die reaksies, is duidelik dat net sekere dele gehoor is. Vir deeglike kennisname word die volle teks van die dokument soos aangebied, aan die einde van hierdie Koersvas as aanhegsel gevoeg. Dit vertel die verhaal tot op daardie datum en spreek vir homself. Sekere sake moet hier as verheldering aangebied word. Die eerste punt wat gemaak moet word, is dat niemand anders nie as die hooggeleerde Prof BJ Engelbrecht in sy reaksie op die Beswaarskrif aangedui het dat die inhoud van besluit 54 'n *Status Confessionis* regverdig.

Dit het na 2011 duidelik geword dat die erns van die weerstand teen besluit 54 anders verwoord moes word. Die aanbied van die Staat van Belydenis het gepoog om hierdie nuwe benadering te skep. Wat bedoel is en wat gehoor is, verskil baie van mekaar. Uit NHKA-geledere is beweer dat die opstellers en ondertekenaars van die Staat van Belydenis daarmee die NHKA tot ketter-kerk verklaar het. Is dit korrek?

In hul Herderlike skrywe wat in reaksie op die Staat van Belydenis uitgestuur word, word onder andere die volgende gestel: *'n Staat van Belydenis handel oor één duidelik omskrewe geloofsaak wat met die hart van die evangelie te make het. 'n Staat van Belydenis doen dit op so 'n manier dat dit die valse leer ontbloot en die ware leer duidelik aan die lig kom. Dit verwoord nie blote teologiese opinies nie, maar verwoord 'n belydenis aangaande die waarheid van die evangelie wat deur die één heilige algemene Christelike kerk nagesê kan word. So verteenwoordig 'n Staat van Belydenis dus nie bloot die standpunt van 'n bepaalde groep nie, maar het dit inherent 'n ekumeniese karakter.* Die definisie van die WARC word ook aangehaal: "*Any declaration of a status confessionis stems from the conviction that the integrity of the gospel is in danger... It demands of the church a clear, unequivocal decision for the truth of the gospel, and identifies the opposite opinion, teaching or practice as heretical*." Die gevolgtrekkings wat dan getrek word/is, neem nie die inhoud van die dokument of die intensie van die ondertekenaars in ag nie.

Daar is meer as een definisie van 'n *Status Confessionis*. Op sy sterkste as tegniese term is dit inderdaad so dat gewaarsku word dat 'n sekere denkrigting ketters van aard is of uitloop op kettery,. Dit kan ook sagter interpreteer word as 'n oortuiging dat die Evangelie op die spel is en dan met 'n ernstige **wekroep** te waarsku teen 'n pad wat kan uitloop op dwaling. In die opstel van die Staat van Belydenis is die keuse gemaak om nie die tegniese term op te neem nie, maar die vertaalde ekwivalent aan te bied. Die intensie was om die NHKA leiding op te roep tot ernstige nadenke; aangesien die Evangelie op die spel is. Die bedoeling was van meet af aan om te waarsku teen die gevaar van kettery, nie om tot ketter te verklaar nie. Hierdie genuanseerde benadering is duidelik in die dokument self en die manier waarop dit aangebied is.

Die Staat van Belydenis as ernstige **wekroep**, is iets waaroor **enkelinge** moes besluit. Dit was nie 'n kerk, 'n gemeente of 'n organisasie wat die dokument onderteken het nie, dit was die aanwesige gelowiges en daarna ander wat instemmende gedagtes gehad het, wat geteken het. By implikasie is dit 'n handtekening wat per individu terug getrek kan word, of nie. Daar is met doelgerigtheid gekies vir 'n wegbeweeg van die tegniese term, sonder om die erns van die saak te ondergrawe. Die laaste woorde van die Staat van Belydenis stel dit duidelik: "Hierdie is 'n staat van belydenis wat deur elke individu oorweeg moet word en self oor besluit moet word. Hiermee word nie met die ketterkwas 'n streep deur die Kerk getrek nie. Hierdie belydenis is 'n wekroep tot besinning. Dit is 'n belydenis van geloof waarop u self moet antwoord."

Die teks stel self dit wat bedoel word, naamlik dat dit 'n ernstige **wekroep** is

tot teologiese nadenke. Die teks stel self dat daar geen intensie is om die NHKA tot ketterkerk te verklaar nie. Die besluit wat geneem is (besluit 54), het ernstige teologiese ondertone en gevare wat nie sonder gevaar aangeneem kan word nie, die Staat van Belydenis wou die aandag daarop vestig dat die teologie van die besluit inderdaad die Evangelie in gedrang bring.

In die bespreking van die sewe sake, is dit telkens duidelik dat daar fyn onderskeid getref word. Die Staat van Belydenis word nie ingespan om die NHKA tot ketterkerk te verklaar nie. In elke item is dit telkens die NHKA leiding en dan in besonder die AKV wat aangespreek word. Die volgende sin in die dokument illustreer dit: "*As dit 'n poging is om aanvaarding binne die wêreld van die sosialisme en die ekumene te kry, is dit teologies gesproke 'n doodloopstraat al mag dit korttermyn stoflike voordele inhou. Ons staan by ons staat van belydenis en is ontroer oor die koers van die AKV rondom die laaste eeuwisseling*".

Dit is die AKV se besluite wat die Evangelie in gedrang bring, daar is 'n groot getal ampsdraers en lidmate wat nie in hierdie teologiese lyn staan nie. Dit sou derhalwe onredelik gewees het om volle Status Confessionis oor die hele NHKA uit te roep. Die gevare opgesluit in veral besluit 54, moes ernstig aangespreek word. Saam met die Staat van Belydenis bied ons hierdie eerste opmerkings aan om die genuanseerde aard van ons besluite te verhelder. Dit was nie die bedoeling om tot ketter te verklaar nie. Die teiken-gehoor was/is die AKV en die leiding (veral op akademiese vlak).

**BONDSVERGADERING 2025**

Die Bondsvergadering vind in September plaas. Weens 'n groot visvang kompetisie by die Bloemhof dam op die geskeduleerde datum, met gevolglike gebrek aan verblyfplek, is die vergader datum met een week aangeskuif. Die vergadering begin op 21 September 2025 met 'n erediens en die Pont-gedenklesing. Vanaf 22 September 2025 sal die vergadering plaasvind. Die Agenda vir die vergadering is gefinaliseer en sal teen Maandag 25 Augustus 2025 aan gemeentes versend word.

**KWILT 2025**

Die Bondsdames se Kwilt 2025 projek het nou ten einde geloop. Die finale administrasie en oorbetalings is besig om gedoen te word. Die wenner van die kwilt sal by die Bondsvergadering getrek en aangekondig word. Die Bondsdames hoop om ongeveer R40 000 ten behoewe van teologiese opleiding met hierdie projek in te samel. Die dames bedank alle gemeentes wat te midde van eie finansiële uitdagings hierdie projek so goed ondersteun het.

## KENNISGEWINGS

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame-plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

# GEREFORMEERDE KONVENT

**MORELETAPARK KERKGEBOU | 25-26 SEPT 2025**



353 DE VILLEBOIS MAREUIL DR,
PRETORIUS PARK, PRETORIA

## DAG 1

**11:00-12:30:**
**KOFFIE EN REGISTRASIE**

**13:00-13:30:**
**OPENING EN HERDENKING VAN DIE GELOOFSBELYDENIS VAN NICEA | Anton Knoetze**

**13:30-14:15:**
**TEMA 1: WAAR STAAN ONS TANS | Prof Aalwyn Swanepoel Schalk Strauss**

**14:15-15:00:**
**BESPREKING VAN TEMA 1**

**15:00-15:30:**
**VERVERSINGS**

**15:30:**
**TEMA 2: WAT BETEKEN KONSOLIDASIE VIR ONS DS JOHAN OTTO**

**16:00**
**BESPREKING VAN TEMA 2**

**16:45:**
**TEMA 3: WAT BETEKEN REFORMASIE VIR ONS | Prof. D'Assonville Karel Jansen**

**17:15:**
**BESPREKING VAN TEMA 3**

**17:30-20:00:**

## DAG 2

**08:30-09:00:**
**KOFFIE**

**09:00-10:00:**
**TEMA 4: WAARHEEN OP PAD NA DIE TOEKOMS | Prof Dolf Britz D J Kleynhans**

**10:00-10:45:**
**BESPREKING VAN TEMA 4**

**10:45-11:15:**
**VERVERSINGS**

**11:15-12:15:**
**TEMA 5: ROEPINGSVERKLARING EN BESPREKING | Schalk Strauss**

**12:15-12:45:**
**AFSLUITING**

---

Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.

Efesiërs 3:18-19

# Volkshulp2000

(NPO 004-086)

Volkshulp2000 is 'n geregistreerde, nie-winsgewende welsynsorganisasie wat al vir meer as 30 jaar na hulpbehoewende volksgenote omsien. Volkshulp2000 ontvang geen hulp van die staat of buitengewoon groot ondernemings nie. Ons is ten volle afhanklik van donasies en ander skenkings (soos produkte, klere en meubels) deur volksgenote. Hulpbehoewende volksgenote se getalle neem toe. Gesinne, kinders en bejaardes is slagoffers van omstandighede buite hulle beheer. Ons doen 'n beroep op volksgenote om ons te help om hierdie toenemende nood te bestry.

**Belastingsertifikate is op aanvraag beskikbaar.**

**Straatadres:** Steadlaan 246,
Queenswood, Pretoria
**Tel:** 012 755 8201/2
**Posadres:** Posbus 11824,
Queenswood, 0121
**Vonkpos:** bestuur@volkshulp.org.za
**Bankbesonderhede:**
Tjekrekeningnommer ABSA 10176514,
Takkode: 623 005

Volkshulp 2000

MET SAAMWERK SAL ONS STREEF OM TER EER VAN GOD TE LEEF

**https://www.volkshulp.org.za**

**https://www.facebook.com/Volkshulp2000.amptelik**